# Hoofstuk van die dag: Miga 3

> *Ek, daarenteen, het baie krag, ek het die Gees van die Here, ’n sin vir reg en die moed om aan Jakob sy sonde bekend te maak, aan Israel sy oortreding. (vers 8)*

In ’n omgewing waar onreg, korrupsie en immoraliteit aan die orde van die dag is, waar leiers omgekoop word en die weerloses soos slagskape behandel word, is integriteit ’n

skaars kommoditeit. Soos Miga sê: 'n Sin vir reg en die moed om aan mense hulle sonde bekend te maak. Dís wat nodig is om 'n land (óns land!) weer op koers te kry.

Dié moed kom van die Gees van die Here; die moed op om te staan vir wat reg is en te baklei teen wat verkeerd is en teen wie verkeerd is.

Ons land het dié moedige mense nodig! Geesvervulde verontwaardiging en moed en daadkrag.

Geld onder die tafel deur om 'n kontrak te kry of om besluitnemers te beïnvloed of beamptes anderpad te laat kyk – ons wéét dis verkeerd. Ons doen dit nie. Maar in ons persoonlike lewe? Teenoor jou gesinslede, teenoor kollegas en werknemers, teenoor bure? Waar ek en jy moet lééf wat ons bely, onkreukbaar, regverdig, billik, wetsgehoorsaam – getuig dit ook van Geesvervuldheid?

## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026